Cecilia Steyn

# DIE VLERKE VAN NAALDEKOKERS

HR&
Human & Rousseau

Blessed are the cracked, for they shall let in the light.
— *Groucho Marx*

Vir almal met krake
— *C. S.*

# 1

"Kylie! Kylie!" roep Ma in haar professionele, selfgeldende stem. Die een wat klein kindertjies agter hul ouers laat skuil, en hospitaalpersoneel wat ledig is laat spat.

Hier in die boom waar ek wegkruip, kan ek nie die frons op haar voorkop sien nie, maar dit beteken nie dis nie daar nie. Toe ek nie antwoord nie, gaan die agterdeur met 'n slag toe. Ma se stem word uitgedoof deur die toe deur en die wind wat deur die boom fluit. Natuurlik sê sy nou vir Pa sy kry my nie. My nuwe helikopter-ouers.

In my broeksak vibreer my selfoon. Ek leun met my rug teen die stam en wriemel die foon uit my sak.

Wragtig Ma.

Waar is jy Kylie?

Die kos gaan koud word.

Ek stuur al heeldag boodskappe

My bors voel of 'n olifant hom skielik daarop tuisgemaak het.

En dis nie oor die sigaretrook wat ek nou diep in my longe intrek en deur my neus uitblaas nie. Ek doof die stompie teen

die stam uit en skiet dit die donker in. As Ma moet weet ek rook sal sy ’n aar in haar kop bars.

Toe ek regop op die tak staan, kyk ek grond toe. Verby my rooi sneakers met die wit veters.

Af . . . af . . . af.

Die ou denneboom was hier toe ons die huis gekoop het. Toe ons klein was, het ek en Lieke in die boom geklim wanneer Ma en Pa nie by die huis was nie. Ma was bang ons gly en val ons dood. Sy was nog altyd bang dat iets met een van haar kinders sou gebeur.

Ek is nie veronderstel om meer boom te klim nie. Dis hoekom ek versigtig teen die stam afklim. Ek gebruik die takke soos trappe tot onder.

Met my voete veilig op die grond staan ek vir ’n oomblik met my hand op my knie. As Ma en Pa moet weet ek klim steeds boom! Maar hulle weet nie en hulle gaan ook nie uitvind nie.

My hand rus op die agterdeur se handvatsel. Dis nie nodig om die deur so sag moontlik oop te maak nie, want Ma pluk dit voor my oop.

Sy staan met gevoude arms en ’n vadoek oor haar skouer. Haar wenkbroue gelig. Ma se blonde hare staan effens regop. Asof sy dit vir die laaste paar uur uit haar kop probeer trek het. Agter haar dra Pa die kos tafel toe.

“Waar kom jy nou vandaan?” Ma se oë flits flink oor my op soek na beserings, maar dis my oë wat sy vermy. “Kyk hoe lyk jou wit T-hemp nou,” sê sy. Ek sit my hand oor die kol

op my hemp voor Ma sien dat dit eintlik boomgom is. Haar hand is nou op haar voorkop. "En jou denim is geskeur. Kylie, jy is nie meer tien nie! Sewentien is al volwasse."

Ek sê niks. Ma voeg ook nie nog iets by haar tirade nie. Sy staan uit die pad sodat ek kan inkom.

Eers toe ek by die tafel gaan sit, vra sy: "Is jou hande skoon?"

Met 'n sug stoot die asem uit my keel.

Hand.

Ma bedoel hand, maar dis nie wat sy sê nie, want dit sal impliseer dat ek 'n ledemaat verloor het.

"Ek sal hom gou was," sê ek aspris. Dankbaar vir die minuut wat ek weer alleen in die badkamer kan wees.

Ek staan op. In die badkamer weifel ek vir 'n oomblik teen die toe deur. Dan hou ek my regterhand onder die seephouer teen die muur. Spesiaal vir my onthalwe geïnstalleer, saam met nuwe krane in al die badkamers. Van daardie soort wat maklik oop- en toemaak. Ma het seker nie mooi gedink toe sy dit laat doen het nie, want ek het nog altyd net met een hand die krane oop- en toegedraai.

'n Blerts pienk seep val in die palm van my hand sonder dat ek aan iets hoef te raak. Die ding lyk of dit in 'n hospitaal se intensiewesorgeenheid hoort. Trouens, ek dink dis waar Ma die idee gekry het. Ma is 'n onkoloog.

Met Knol vryf ek oor my hand. Knol is wat ek my stompie gedoop het. Die ding lyk soos 'n aartappelmoer wat uitgeloop het. Aan die begin het ek my doodgegril om daaraan te

raak. Ek het selfs een aand gehuil net omdat ek daaraan moes vat. Nou is ek darem al minder lomp as toe.

Ek vryf die vingers van my regterhand teen mekaar voor ek dit afspoel. Ek spoel sommer my gesig ook af. Dalk sal ek wakker word en agterkom dat die laaste vyf maande van my lewe net 'n nagmerrie was. Ek knyp die handdoek vas met die deel van my stompie net onder my elmboog wat nou soos 'n mini-hand werk. Ek het agtergekom ek kan darem al goed daarmee vasknyp. Die spiere makeer niks. Die res is net nie meer daar nie. Ek vryf my regterhand teen die handdoek droog.

In die spieël sien ek wat Ma sien. Ek lyk soos iets wat op die ashoop hoort.

Terug by die tafel is die plekmatjie langs my nie leeg soos die laaste vier maande nie. Vir 'n maand na die ongeluk het Ma nog elke aand vir Lieke gedek. Na ete het Pa dan die bord en eetgerei geduldig weer in die kas gebêre. En die volgende aand het Ma dit weer uitgehaal. Op 'n dag het sy net opgehou. Saam met die ophou dek, het sy ook opgehou om vir ons behoorlike kos te maak. Ek kon nog nie besluit wat is die ergste nie – die feit dat Ma nie meer vir Lieke dek nie of die feit dat 'n mens vir iemand dek wat nooit weer aan jou tafel kan sit nie.

Maar vanaand is anders. Dis hoekom daar weer vir haar 'n bord langs my gedek is. Asof Lieke enige oomblik by die voordeur gaan instap.

Op die tafel is gebakte hoender, skaapboud, krakerige

aartappels, groenboontjies en wortels. My maag grom skoon toe ek 'n stuk hoender in my bord skep.

"Vandag van alle dae antwoord jy nie jou selfoon nie," sê Ma. Ek trek my asem skerp in. Natuurlik het ek geweet sy gaan iets daaroor sê.

Vanaand het ek nie die krag om met Ma en Pa te deal nie. Daar is genoeg van my eie donker in my kop. Ek wil in my kamer kom en onder my duvet wegkruip. "Jy onthou seker dat Lieke vandag sestien geword het," sê sy. Pa lyk of hy vir die pyn koes wat nou oor sy gesig trek. Ek wil Ma korrigeer en sê sy sou, sy het nie, mense wat dood is, kan nie meer verjaar nie, maar ek stop. Dis die hele rede hoekom ek in die boom gaan wegkruip het.

"Ek het vergeet, jammer," jok ek. Trane brand agter my oë. Dit was vir my ook nie 'n maklike dag nie, soos dit seker maar is die eerste keer wanneer jou enigste sussie nie hier is vir haar verjaarsdag nie.

"Is die kos ten minste lekker?" vra Ma.

"Mmm," sê Pa en druk 'n hoop boontjies in sy mond. Lieke het nie eens van groente gehou nie.

Pa is deesdae maar stil. Sy frons is so diep en permanent, dis moeilik om te onthou hoe hy gelyk het voor alles verander het. Van woede of magteloosheid? Dis moeilik om te sê. Pa is 'n ortodontis. Hy en Ma het op universiteit verlief geraak.

Ma trek haar asem in. Dit ruk my terug tafel toe. Ek weet wat kom. Sy druk haar blonde hare agter haar oor in.

"So hoekom het jy nie jou selfoon geantwoord nie?" vra sy. Dit het seker baie van haar gevat om daardie vraag tot nou toe binne te hou. Ek is verbaas sy herinner my nie daaraan dat Lieke altyd haar selfoon geantwoord het nie.

Ek kou stadiger. "Ek het nie gehoor nie, jammer," sê ek. Ma stry nie, sy beskuldig my ook nie. Sy skep net vir my nog 'n aartappel in.

Nee! wil ek vir haar skree. Is dit nie genoeg dat ek klaar 'n freak is nie? Wil sy my 'n vet freak maak? Asof die aartappel moet opmaak vir al die etes wat sy nie in die afgelope maande vir my gemaak het nie.

"Hoe was skool vandag? Jou eksamen?" vra sy. Die min gesprekke wat ons deesdae het, is afgewater tot besprekings oor mý dag.

In Ma se bord is haar kos in presiese stukkies gesny. Alles ewe groot. Sy skep iets van alles op haar vurk en kyk afwagtend na my.

Ek skuif my bord weg. "Skool was fine. Die vraestel was oukei," sê ek.

Vir nou wil ek net deur die volgende paar dae van skool kom. En dan sal ek nie aan volgende jaar dink nie.

"Martha sê die verwers maak môre klaar," sê Ma. Die afgelope week is verwers besig om ons sonnige geel mure wit te verf. Seker deel van Ma se komplot om ons huis in 'n hospitaal te omskep. Ten minste het sy belowe my en Lieke se kamers sal nie in die slag bly nie.

"Dankie, ek het lekker geëet," sê ek en staan op.

Ma sit haar vurk neer. Haar mond nou rond asof haar siel enige oomblik oor haar lippe gaan ontsnap.

"Maar jy het nog nie klaar geëet nie," keer sy. "En daar is poeding." Sjoe, tot poeding! Jammer Lieke is nie hier om dit te sien nie. Ek moet seker bly wees hier is nie 'n verjaarsdagkoek en kersies wat ons vir Lieke moet uitblaas nie.

"Ek moet leer, Ma," sê ek.

"Los die kind." Vir die eerste keer vandag sê Pa iets sinvols.

"Onthou jou afspraak môre by dokter Eksteen," kom Ma se patetiese poging om my aan tafel te hou. "Ek kan jou vat . . . ek is môre af."

Ek byt eerder die binnekant van my wang en draai na Pa.

"Sal Pa my vat, asseblief?" vra ek.

Ek voel veiliger saam met Pa agterop sy motorfiets as in 'n kar saam met Ma.

Ma wil protesteer, maar ek kyk waarskuwend na haar. Vir vyf maande hou ek al haar geheim. Dit doen iets aan 'n mens as jy ander se geheime moet hou. As sy dit so wil hou, beter sy my vanaand uitlos.

Pa se hand stop op pad na sy mond. Hy kyk na Ma vir goedkeuring. Asof sy die reg het om te besluit!

Sy waai met haar hand deur die lug.

"As sy dink dis beter so, Walter," sê Ma.

Pa knik, en met 'n dankie vlug ek na my kamer.

In die kombuis stop ek. Daar staan wragtig 'n verjaarsdagkoek!

## 2

Donderdagmiddag begin die afspraak by dokter Eksteen soos gewoonlik.

"Hoe gaan dit, Kylie?" vra sy.

"Goed," sê ek. Hoeveel van hierdie sessies sal ek nog moet kry? Toe ek vir die eerste keer na die ongeluk geweier het om saam met Ma agter die stuur van 'n kar te klim, het sy na my gekyk asof ek stukkend is. Daardie dag het sy my eerste afspraak by dokter Eksteen gemaak.

"Wonderlik. Ons sal aangaan waar ons laas opgehou het, oukei?" sê sy. Ek knik.

"Voel jy skuldig omdat Lieke dood is?" vra sy.

Natuurlik, sê ek in my kop. Ek onthou nog daardie dag soos gister.

"Kylie, kan ek asseblief vandag voor sit?" het Lieke voor skool gevra terwyl sy haar tas in die kattebak gesit het.

"Natuurlik nie, dweeb," het ek gesê en voor ingeklim. Ek het vir Lieke tong uitgesteek soos 'n tweejarige. Sy het haar bril hoër teen haar neus opgedruk. "Ek is die oudste. Ek sit voor. Jy weet hoe dit werk."

Ek het breed geglimlag. Toe Lieke aan my ruit klop, het ek net my oorfone in my ore gedruk.

"Pleks laat jy net jou sussie 'n bietjie voor sit, Kylie. Hemel, dit sal jou nie doodmaak om iets vir haar te doen nie," het Ma gesê. Nie daardie dag nie. Daardie dag sóú dit my doodgemaak het. Ek het gemaak of ek nie vir Ma hoor nie en my klank harder gesit. "Klim net in, Lieke. Ons is klaar laat!" het Ma geknor.

Lieke het nog vir 'n oomblik langs my deur bly staan. Toe maak ek of ek haar nie sien nie. Nes ek altyd by die skool gemaak het.

"Kylie?" Dokter Eksteen se stem ruk my terug na die sessie.

Vir haar sê ek: "Dit was nie ek wat bestuur het nie." Om haar oë te vermy, kyk ek na die prente teen haar mure. Alles is beige en boring. Asof 'n spikkel kleur iemand wat onstabiel is sal laat ontspoor. Teen die beige muur staan in swart kursiewe letters: *The irony of a defining moment is that if you don't define it, it will surely define you.*

"Voel jy dis jou ma se skuld?" ruk dokter Eksteen se stem my aandag terug.

Ek trek my asem in. Dalk moet ek vir haar sê Ma het my gevra om 'n geheim vir haar te hou. Maar ek doen dit nie.

Dokter Eksteen loop nie vandag katvoet om my nie. Gewoonlik wil sy weet of ek nagmerries kry oor die ongeluk. Ander kere of ek al saam met my ma ry. Soms wil sy weet of ek al vir my bestuurslesse kon gaan.

Maar vandag . . .

"Nee," sê ek.

"Voel jy jy word gestraf?" vra dokter Eksteen. Sy beduie vaagweg na my arm met haar pen voor sy verder notas maak. Ek sit my hand beskermend oor Knol soos wanneer 'n mens 'n kind se ore toedruk vir iets wat hulle liewer nie moet hoor nie.

"Nee." Ja, ja en ja! Ek hou my gesig egalig. 'n Flits oor dokter Eksteen se gesig wys sy weet ook ons mors mekaar se tyd. "My ma dink ek moet my prostese dra sodat ek nie ander mense aanstoot gee nie. Sy dink dit skok mense wanneer hulle my stompie sien." Daar. Nou het ek darem nie niks gesê vandag nie.

"En is dit wat jy wil doen?" Sy kyk vir 'n oomblik stip na my. Sy probeer hard om nie na my stompie te kyk nie. Ek druk my regterhand onder my bene in sodat hy ook wegraak. "Mense skok?"

"Skok is wanneer jy op 'n teerpad lê in 'n plas bloed," sê ek. "Jy is nie seker wie se bloed is die meeste nie. Joune of jou sussie s'n. Dan sien jy 'n hand wat twee meter van jou lyf af lê. Altans, jy dink dis joune, maar die bloed maak dit moeilik om seker te wees."

Dokter Eksteen knik en knip haar oë. Ek wonder wat Pa buite doen om hom besig te hou terwyl hy vir my moet wag. Miskien eet hy weer roomys. Dis wat hy soms doen. Bubblegum. Dit was Lieke se gunsteling.

"Ry jy al saam met jou ma?"

Ek skud my kop.

"Hoe is die rouproses sover?"

"Ek mis haar."

"Kylie." Dokter Eksteen skuif sodat sy vooroor sit. "Ek praat nie van Lieke nie. Ek praat van jou voorarm. Jy het jou hand verloor. Wanneer 'n mens 'n ledemaat verloor is daar ook 'n rouproses." Het ek al oor my hand gerou?

"Ek het gisteraand gedroom daar groei boomwortels uit die stompie." Dis ten minste die waarheid.

BUITE DIE HUIS help Pa my om die valhelm af te haal, want ek het nie my haak aan nie.

"Jy moenie so hard op jou ma wees nie, Kylie," sê hy. "Ek weet dis moeilik, maar dit was nie haar skuld nie." Pa het die mooiste tjello-bruin oë. Op hierdie oomblik is hulle hartseer bruin oë.

"Ek sal probeer, Pa," sê ek vir hom, want hy verdien nie om die waarheid te weet nie.

Pa hoef nie die voordeur oop te sluit nie, want Ma staan in die deur. Wat 'n vreemde verskynsel is. Sy verkies om al haar liefde en simpatie op mense wat nie haar familie is nie, uit te stort. Seker omdat sy hulle ten minste kan red.

In die oprit is die verwers besig om hulle toerusting op 'n bakkie te laai. Pa groet vir my en Ma voor hy teruggaan praktyk toe.

Op pad na my kamer stop ek in die gang. Ma het ons foto's weer teruggehang. Maar waar is . . .

Elke liewe foto van Lieke is weg!

Die verfreuk wat nog in die huis talm, klim in my neus op soos die asem van 'n lyk.

Net foto's van my, Ma en Pa hang nou hier. Tot die gate van spykers in die mure waaraan Lieke se foto's gehang het, is netjies toegemaak.

Wat my betref moes ons die huis onder 'n groot swart kleed toegegooi het, nie wit geverf het nie.

Soos 'n padda in 'n pot kookwater – dis hoe Ma my laat voel. As sy dink om vir Lieke bietjie vir bietjie weg te vat, sal maak dat ons nie eens agterkom sy was ooit hier nie, is sy verkeerd.

'n Skerp pyn in my borskas laat my na my kamer storm.

My voete vries toe ek die deur oopmaak.

Dieselfde reuk brand my neus. Wit! Ma het dan belowe!

Sy moes alles in my kamer verander het terwyl ek by die skool en by dokter Eksteen was.

Van die mure tot die beddegoed is wit. Asof Ma die hemel wou namaak.

Mý posters is nie meer teen my mure nie. Mý blou-en-seegroen duvet is vervang met 'n wit wolkerige spul.

As Ma my sigarette gekry het wat ek onder my matras wegsteek, het sy dalk besluit om niks te sê nie.

Al wat nog kleur het, is my rooi bedkassie.

"Ek hoop jy hou daarvan," sê Ma skielik agter my. "Ek weet ek het belowe, maar die geel was so . . . verlede tyd. Ek het net gedink 'n skoon skilderdoek sal jou goed doen." Dalk

moes Ma my eers gevra het of ek ’n nuwe leë doek wou hê. Ek wens ek kan haar wakker skud. “Meer volwasse.” Want ek is al groot?

“Waar’s my posters, Ma? Mý beddegoed? Ma maak of ek klaar universiteit toe is. Ma kan seker nie wag dat ek verdwyn nie,” sê ek en storm verby haar. Eers wil ek na Lieke se kamer toe gaan, maar ek verander van plan. Wat as Ma Lieke se kamer ook bygekom het? My hart sal dit nie kan hou nie.

Ek vlug na buite sodat my longe weer kan werk.

“Nou wat nou?” roep Ma agter my, maar ek antwoord haar nie.

Onder die denneboom kyk ek op. Deur die takke dans die son soos stokkerige vingers en vervleg met die skadu’s. Asof lig en donker hier hande vashou.

Dis al plek op aarde waar dit voel of niks in die wêreld verander het nie.

Met al my krag trek ek my tot op die eerste tak. Vanoggend in die spieël het ek gemerk hoe my regterboarmspiere soos sterk toue prominent begin wys. Dalk moet ek net my prostese begin dra as ek boomklim. Dan kan die linker een ook so gespierd word.

Toe ek bo is, staan ek regop en kyk af.

Vir ’n oomblik kan ek myself doer onder sien lê. Meer stukkend as wat ek klaar is. Ek skuif my regtervoet effens vorentoe op die tak. Dit sal so maklik wees om net te laat los.

Ek skuif my linkervoet ook vorentoe. My vingers klou aan die tak bo my.

Binne ’n oogwink kan alles verby wees.

My selfoon wat in my broeksak vibreer laat my ruk. My linkervoet gly van die tak af en ek verloor my balans. Met een voet op die tak en een in die lug, hang ek vir ’n oomblik tussen hemel en aarde.

Asof ek vlieg.

Met ingetrekte asem ruk ek my voet betyds terug. Die vingers van my regterhand kramp toe ek my greep versterk.

In my borskas jaag my hart nou. Ek sluk hard.

Ek staar weer na onder. Dalk is ek tog nie gemaak om my dood te val nie. Buitendien is ek nie so selfsugtig nie. Ek weet mos wat dit aan Ma en Pa sal doen.

Na ses besluit ek om uit die boom te klim. Vandag kry ek dit vir ’n wonder reg om skoon te bly.

In die huis is Ma se kamerdeur toe. Daar is gedempte snikke agter die deur. Skielik voel ek soos die monster van die jaar.

Om op te maak besluit ek om vir ons pasta te maak. Pa sal seker honger wees as hy by die huis kom.

Ek dek die tafel. Sonder ’n plek vir Lieke.

Terwyl ek kosmaak, speel ek musiek op my selfoon.

Die kombuis ruik na knoffel en kruie. Ek proe aan die pastasous wat sag prut.

Perfek.

Ek dek vir Ma en Pa wynglase en sit ’n bottel van Pa se gunsteling-Merlot op die tafel. Is dit ooit wat ’n mens saam met pasta drink?

Net toe ek dit wil google, is daar 'n klop aan die voordeur.

Ek stap deur toe en loer deur die venstertjie langs die kosyn om te sien wie dit is.

Vir die eerste keer in maande glimlag ek.

# 3

Oupa Du Preez druk my styf teen hom vas. Ek asem die pipperment en sigaarreuk in wat aan hom kleef. Vandat ek klein was, was dit die reuk wat my altyd aan hom laat dink het.

"Hoe gaan dit met my meisiekind?" vra hy. Soos altyd lyk Oupa soos 'n held uit 'n tagtigsfliek. In sy hand is die wit fedora wat hy nou net afgehaal het. Oupa trek sy lang, elegante vingers deur sy dik grys kuif. Hy is nog nie naby bles nie, en sy kuif golf oor sy voorkop. Hy laat my aan Richard Gere dink. Agter sy John Lennon-brilletjie met 'n swart raam, kyk donkerbruin oë na my. Sy dun lippe trek op in 'n tevrede glimlag.

Vandat ek kan onthou is Oupa besig om die Groot Afrikaanse Roman te skryf.

My ma se ma is dood toe sy nog klein was. Haar ouma, Oupa Du Preez se ma, het haar grootgemaak. Nou is Oupa se lewensmaat 'n Koreaanse vrou. Mae is haar naam. Oupa het haar baie jare gelede op een van sy reise ontmoet, maar nooit met haar getrou nie.

Hy was in Korea om navorsing vir een van sy boeke te doen toe hy op haar verlief geraak het.

Hy laat my los, maar hou my hand in syne. Oupa kyk na my asof hy my jare laas gesien het, maar ons het mekaar by Lieke se roudiens gesien.

Vir Oupa jok ek, want dit sal sy hart breek as hy moet weet hoe dit regtig met my gaan.

"Dit gaan goed, dankie," sê ek.

"Is daar iets wat ek moet aflaai, Prof?" Eers toe ek die stem hoor, sien ek die ou in ons oprit. Hy dra 'n geskeurde blou denim met opgerolde pype en bruin vellies met geel sole, sonder kouse. Oor sy grys T-hemp het hy 'n los hemp met groot blompatrone aan. Sy bruin hare krul effens oor sy kraag en ore. Om sy nek is 'n serp met strepe. Hy't 'n baard en snor. Hy maak die kattebak van 'n outydse kar toe, so 'n sagte pienk nogal, en wag vir Oupa om hom te antwoord.

"Nee wat!" roep Oupa.

"Slaap Oupa nie hier nie?" vra ek.

Oupa se lip streep 'n dun lyn. "Nee," sê hy. "Ons slaap in 'n gastehuis hier naby. Ek wil nie ongerief so op die nippertjie veroorsaak nie. Buitendien het ek 'n gas by my."

Oupa en Ma het 'n gekompliseerde verhouding. Oupa was baie oorsee, besig om die wêreld te ontdek en navorsing vir sy boeke te doen. Ma sê altyd sy karakters in sy stories was belangriker as wat sy was. Hy het al haar hoogtepunte gemis. Sy het nie net 'n ma verloor nie, maar 'n pa ook. Hy het haar nooit ernstig opgeneem as sy daaroor kla nie, en ook

nog nooit jammer gesê nie. Oupa sê Ma is die eksentrieke dogter van 'n eksentrieke skrywer. Toe Ma op universiteit was, het Oupa vir 'n ruk 'n verhouding met Ma se kamermaat agter haar rug gehad. Ek kan dink dit was vir Ma weird, maar deesdae is die verhouding tussen Ma en Oupa skielik soos 'n wond wat wil sweer. Hulle bel mekaar nóg minder as gewoonlik.

"Kom binne," sê ek eerder. "Ma en Pa is nie hier nie," voeg ek by.

"Ek het so gehoop," sê Oupa.

Ek loer oor Oupa se skouer om te kyk of ek vir Mae sien, maar sy is nêrens in sig nie. Dis jammer. Ek is mal oor haar aksent. "Dopre," sê sy altyd, want sy kan nie Du Preez uitspreek nie. "You too much smoke," kla sy dan. "You die young." Asof Oupa nog twintig is.

"Lee," sê Oupa. Die ou leun teen die outydse kar wat in ons oprit staan. "Gaan jy heeldag buite staan?" Hy kom nader gestap.

"Hierdie is my kleindogter, Kylie," stel Oupa ons voor. "Hierdie is Lee. My . . . assistent." Van wanneer af het Oupa 'n assistent?

Toe Lee my formeel met die hand groet, sien ek die gevlegde leerbandjie en armbandjie van houtkrale om sy regterpols.

"Hallo, Kylie."

Na ek my hand uit Lee s'n trek, voel ek vinnig oor my hare. Flip. Ek het dit drie dae laas gewas. Oudergewoonte

gaan my hand na my hoodie om die kappie oor my kop te trek, maar my skuiling is nie vanaand daar nie. Dis te warm, en by die huis hoef ek dit nie te dra nie, want niemand kom kuier meer by my nie.

Ek vou my regterhand oor my stompie en Lee se oë flits na Knol. Dan kyk hy vinnig weg asof hy pas iets verbode gesien het.

"Hallo. Sit solank," sê ek. "Ek is nou terug." Ek beduie in die rigting van die sitkamer, al weet Oupa waar dit is.

Sonder om vir 'n antwoord te wag, draf ek teen die trappe op. In my kamer pluk ek vinnig die baadjie aan en trek die kappie oor my kop. Hopelik hoef Lee nie nou teen my vuil hare of my stompie vas te kyk nie.

Ma stap by die sitkamer in net toe ek by Oupa-hulle aansluit.

"Pa?" vra Ma. Daar is donker kringe onder haar oë. Vir 'n sekonde flits iets soos dankbaarheid oor haar gesig dat Oupa hier is.

Ma loop na Oupa om hom te groet.

Eers lyk dit of sy haar arms om Oupa gaan slaan en toe, asof sy onthou dat daar iets tussen hulle broei, lugsoen sy hom eerder net.

Ma is baie goed daarmee om goed weg te steek.

"Ingrid," sê Oupa. Ma is na Ingrid Jonker vernoem. Nog 'n rede vir Ma om minder van Oupa te hou.

"Hoe gaan dit?" Dis my pa wat vir Oupa groet. Hy moet ingekom het sonder dat een van ons gehoor het. "Nice clas-

sic in my oprit. Ek hoop die Cadillac is 'n geskenk vir Pa se gunstelingskoonseun." My pa glimlag breed vir Oupa. Ma gluur na Pa, wat beteken as Oupa en Lee gery het, gaan hy dit moet verduidelik.

"Enigste skoonseun bedoel jy seker," sê Oupa. "Sy is ongelukkig net gehuur."

"Pa kon laat weet het Pa kom," sê Ma. Haar uitdrukking is die van 'n ou tannie met artritis.

Ek maak keel skoon. "Is dit nie wonderlik dat Oupa ons so kom verras het nie?"

Benoude stilte tussen Ma en Oupa volg.

"Ek het gedink ek kom kyk hoe dit met julle gaan," sê Oupa.

"Dit gaan goed met Kylie," antwoord Ma asof Oupa nie wil weet hoe dit met haar gaan nie. "Sy pas heel goed aan."

Asof Ma sal weet.

"Wel, julle kan darem seker vir ete bly?" vra Pa. Ma maak haar oë vir Pa groot voor sy knik.

"Ek is in die kombuis as julle my soek." Ma vlug kombuis toe. Al is die meeste vir aandete al gedoen.

Aan tafel ondervra Ma omtrent vir Lee asof sy 'n KGB-agent is.

"Wat swot jy, Lee?" vra sy.

Lee sit die vurk wat op pad na sy mond toe is in sy bord neer.

"Kreatiewe skryfkuns," antwoord Lee en tel weer sy vurk op.

Ma sê niks. Sy peper hom net met haar volgende vraag. "By die NWU?"

"Ja." Lee weet seker soos meeste mense nie of hulle haar as mevrou, dokter, Ingrid of as tannie Ingrid moet aanspreek nie.

"Ek is 'n groot bewonderaar van Prof se werk," sê Lee en ek voel hoe ek kleiner word vir sy onthalwe. Dit sal nie by Ma punte score nie.

"Mmm," sê sy en maak 'n piramide met haar vingers. "Ek is seker jy is," sê sy. "So wat doen jou ouers?"

Ek sit my mes en vurk neer. Hemel. Die arme ou kry nie eens kans om sy kos te kou nie.

"Ingrid, laat die kind eet," sê Pa. Dankie tog.

Ek is verbaas toe Ma haar aandag na Oupa draai. "Hoe gaan dit met Mae?" vra Ma.

Oupa lyk of die vraag hom fisiek seermaak. "Ek en Mae het besluit dis tyd om elkeen ons eie pad te stap," sê Oupa.

"Ag nee," sê Pa.

Ma snork effe onvroulik. "Dit was te verwagte."

Na ete soek ek vars lug buite. Ma het haarself verskoon met 'n migraine. Pa, Oupa en Lee drink elkeen 'n glasie whiskey.

Ek wurm myself op een van die swaaie in, want ek pas nie so goed op die sitplek soos toe ek agt jaar oud was nie. Die swaaie is my en Lieke s'n. Pa het dit nog nooit afgehaal nie. Hy't gesê hy hou dit sommer vir die kleinkinders. Nou sal hy seker nooit kleinkinders hê nie, want wie sal met iemand

soos ek wil trou? Soms in die middel van die nag, as ek sukkel om te slaap, het ek al vir Pa ook hier sien sit. Seker wanneer hy vir Lieke mis.

In my hoodie se sak grawe ek vir my pakkie sigarette. Ek sit ’n sigaret tussen my lippe en hou dit daar sonder om aan te steek. Netnou ruik Pa of Ma die rook.

“Awh, Kylieee, you die young,” maak Lee skielik langs my vir Mae na. Ek lag.

Hy bring ’n aansteker uit sy broeksak te voorskyn. “Dis oukei,” keer ek. Verleë druk ek die sigaret terug in my baadjiesak. Skielik is ek nie meer lus vir rook nie.

“Rook jy?” vra ek eerder en beduie na die aansteker in sy hand. Lee gaan sit op die swaai langs my. Soos ek, is hy ook te groot vir die sitplek.

Eers toe hy die doppie van die aansteker met sy duim oplig, sien ek dis Oupa s’n waaroor hy so heilig is. Dit was ’n geskenk van Mae. Ironies as mens dink hoe sy dit haat dat Oupa rook. Ek kan nie glo Oupa en Mae is nie meer bymekaar nie. En wat was daardie opmerking wat Ma daaroor gemaak het?

Die aansteker lyk vintage, maar dis eintlik nuut. Die metaal is grof en lyk kamma geroes en verweer. Asof dit al ’n brand en ’n oorlog oorleef het. Dis seker hoekom Oupa so baie daarvan hou. Ek kan my net voorstel die stories wat hy al vir die aansteker uitgedink het.

Lee haal sy skouers verskonend op. “Dis jou oupa s’n,” sê hy.

Ek weet, wil ek vir hom sê, maar sê eerder: "Al Mae se gekla was verniet. Oupa rook nog steeds?" Lee knik. "So . . . om sy assistent te wees behels om sy sigarette vir hom aan te steek?" vra ek en lig my voete sodat ek soos 'n marionet in die lug hang.

"Ja, so iets."

In my verbeelding kan ek sien hoe Oupa hom op en af stuur vir alles waaraan sy eksentrieke brein kan dink. Ek glimlag toe 'n beeld van Lee met 'n palmtak, besig om vir Oupa koud te waai, voor my opdoem.

Daar's vir 'n oomblik stilte tussen ons. Ek kyk op na die swart hemel en daar's nie eens 'n ster te sien nie. "Ek het begin rook toe ek uit die hospitaal gekom het," sê ek om die leemte te vul. My stem kraak soos papier wat frommel. Soos wanneer iemand skelm lekkergoed in die skoolsaal oopmaak. Oupa het hom seker al vertel wat met ons gebeur het.

Lee kyk na my. Sy oë haak vas by my vuil hare wat onder die hoodie uitsteek. Hy is gaaf genoeg om nie iets daaroor te sê nie.

Ek kan nie help om oor Lee te wonder nie. Wat doen hy nou eintlik vir Oupa?

Vyf maande gelede was Oupa alleen hier. Vir Lieke se roudiens. Ma het vir my 'n mooi swart sjiffonrokkie gekoop en hakskoene. Sy het vir ons elkeen 'n afspraak gemaak om ons hare te laat doen soos wanneer iemand trou. Maar al was alles hoe mooi, het ek lelik gevoel. Die rok het net driekwart-moue gehad. Die simpel ding het effens bo my stomp-

ie gestop, wat dit nog meer prominent gemaak het. Soos ’n afgekapte boom in die middel van ’n grasperk. Dit het verspot gelyk. Almal sou die wit verband kon sien.

Ek het my swart hoodie saamgevat. Daar was so baie mense. Kinders van ons skool het ’n erewag gevorm. Hulle het heliumballonne vasgehou wat hulle na die diens vrygelaat het.

Het een van hulle haar ooit geken?

Net daar voor almal, sodat Ma nie ’n gedoente kon maak nie, het ek die hoodie aangetrek. Sy het haar lippe saamgepers om nie lelik met my te wees nie. Pa het haar aan die skouers gevat soos hy deesdae doen en die kerk binnegestap voor sy kon kwaad raak.

Voor in die kerk was Lieke in ’n toe kis.

Dit het gevoel of Lieke van haar reusefoto, wat met blomme omraam was, beskuldigend na my kyk. Ma kon nie ophou huil nie. Toe die dominee begin praat, het ek opgestaan en uitgeloop. Soveel hartseer in een plek laat dit voel of ’n mens verdrink.

Buite het ek op die trappies gaan sit. Ek het die skoene uitgetrek en met my kop op my arms gelê tot die diens verby was. Toe ek sien, was Oupa langs my. Ons het net woordeloos daar gesit.

By die huis het hy almal wat met my wou gesels en drukkies gee soos ’n verkeersbeampte mooi anderpad gelei. Ek en Oupa het hier buite kom sit, elkeen met ’n bak lasagne. Hier was genoeg kos vir ’n weermag. Ek dink ek was verniet be-

kommerd. Niemand het my arm raakgesien nie. Daardie dag het oor Lieke gegaan.

"Prof sê julle was in 'n ongeluk. Dat jy . . ." Lee kan nie eens sy sin klaarmaak nie, so laat die gedagte dat ek net een hand het hom seker sidder.

Ek byt die binnekant van my wang vas.

"Ons was, ja."

Lee knik. Ek trek senuweeagtig aan my mou.

Lee skop met sy voete sodat sy swaai stadig heen en weer wieg, ek doen dieselfde.

"So wat doen jy en Oupa hier? Julle het seker nie regtig al die pad gekom om te kom kyk hoe dit met ons gaan nie?"

"Ons is op 'n road trip, 'n week al," sê Lee. "Ons is op pad Kaapstad toe."

"Vir Oupa se nuwe roman? Kort hy weer 'n skouspelagtige einde vir sy storie?"

"Jy kan so sê, ja." Lee kyk op na die hemel. Ek wil vir hom sê hy mors sy tyd. Vandat Lieke dood is, is daar nie meer sterre hier te sien nie. Dit is asof iemand 'n koepel oor ons huis en erf gesit het.

Vir 'n oomblik is ek en Lee net 'n ou en 'n meisie wat in die donker met mekaar sit en gesels, voor hy vra: "So . . . hoe voel dit om net een arm te hê?"

Hy is die eerste persoon wat dit vir my vra. Almal wil net altyd weet of ek oukei is. Of ek pyn het, maar hierdie is die vraag waarom almal sluip.

"Een hand en 'n halwe arm," antwoord ek. Ek vroetel

weer senuweeagtig aan die mou. "Dit voel vreemd. Spookpyne is nie 'n mite nie. Soms voel dit of my vingerpunte aan die brand is. Al is hulle nie eens meer daar nie. Asof hulle vanself weer wil begin teruggroei, of iets. Ek het al gedroom daar groei takke uit my stompie. Ander kere het ek gedroom daar groei seekattentakels uit. En gisteraand boomwortels. En ek kan nie vir jou sê hoeveel borde ek nou al gebreek het nie. 'n Mens vergeet jou hand is nie meer daar nie."

Lee knik. "Klink na 'n aanpassing."

Ek gee 'n paar treë agtertoe en lig my voete op sodat ek vorentoe wieg. Die punte van my sneakers skuur oor die gras.

"Skryf jy nog eksamen?" vra hy.

"Net môre. Dan is ek klaar."

"En jy sit hier?"

"Dis net LO. Ek gaan dit wing."

"Haatlike vak."

"Jip. Daarom weier ek om daarvoor te leer." Ek druk 'n vuil sliert wat uitgeval het weer onder die kappie in. "En jy?"

"My eksamens is klaar."

"Lekker vir jou. Ek kan nie wag om klaar met skool te wees nie."

"Hoekom kom jy nie saam nie?" vra Lee uit die bloute.

"Op julle road trip? Ek glo nie dis 'n goeie idee nie," keer ek.

Ek ry nie meer in karre nie. Buitendien, wat sal Ma en Pa sê as ek saam met Lee en Oupa weggaan? Sal Ma dan nog kwater vir my wees? Of dalk verlig?

"Ek bestuur mooi." Lee se oë skiet vlugtig na myne. Het Oupa vir hom gesê hoe ek nou oor karre voel?

Ek kou vir 'n oomblik aan Lee se aanbod. "Sal ons terug wees voor Kersfees?" vra ek.

Hy staar na die donkerte voor hom. "As alles afloop soos beplan, ja," sê hy. "Dit sal vir jou oupa baie beteken as jy kan saamkom."

"Kan ek daaroor slaap?"

"Natuurlik."

"Ek moet net by die huis wees vir Kersfees," sê ek weer. Na die ongeluk is daar so baie eerstes. Eerste Kersfees sonder Lieke. Eerste Nuwejaar sonder Lieke. Moedersdag, Vadersdag, verjaarsdae . . .

"Dan sal ons wees," sê Lee.

Dalk kan ek oor hierdie jaar kom as ek vir 'n ruk nie hier is nie. Die ding is net . . . ek dink nie Ma en Pa sal my laat gaan nie.

"Kyk wie gaan die hoogste!" sê Lee skielik.

Ek knik. Ek en Lee klim na die nag soos die teenoorgestelde kante van 'n pendulum. Op . . . af . . . op . . . af.